AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

# *Voltydse dosent:*
## BESTUURSREKENINGKUNDE EN FINANSIËLE BESTUUR

PRETORIA

Akademia is ŉ Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het vanaf Januarie 2027 op die Pretoria-kampus twee voltydse poste vir dosente in die Departement Finansiële Bestuur en Ekonomie in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe beskikbaar.

## POSDOELSTELLING

ŉ Dosent is daarvoor verantwoordelik om gehalteonderrig aan studente te bied deur innoverende klasaanbiedings en leerervarings. Die pos vereis dat akademiese take, navorsing en innovering asook akademiese gemeenskapdeelname ywerig verrig word. Die vorming van studente tot goedgevormde mense word hoog op prys gestel. ŉ Dosent streef daarna om as leier in ŉ vakgebied erken te word en streef verdieping in alle klasaanbiedinge na.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- voorbereiding en dosering van die moduleinhoud
- kurrikulumontwikkeling
- navorsing op vakgebied ter ondersteuning van onderrig en leer, en professionele ontwikkeling
- opstel van assesseringsaktiwiteite in ŉ kontakleeromgewing
- akademiese gemeenskapsdeelname
- lewering van bystand en akademiese ondersteuning aan studente

## POSVEREISTES

- ŉ meestersgraad in Bestuursrekeningkunde of Finansiële Bestuur (kandidate met ŉ honneursgraad of registrasie by ŉ relevante rekeningkundige liggaam sal ook oorweeg word)
- kundigheid en ervaring in die veld van finansiële bestuur en/of bestuursrekeningkunde
- minstens drie jaar ervaring in die onderrig van Finansiële Bestuur en/of Bestuursrekeningkunde
- ervaring in versnitte leer (*blended learning*)
- blootstelling aan en vorige gebruik van onderwysmedia

## VAARDIGHEDE

- sterk verbale en geskrewe kommunikasievaardighede
- interpersoonlike vaardighede
- prioritiserings- en tydsbestuursvaardighede
  onafhanklik in ŉ spanverband funksioneer
- inisiatief kan neem
- oplossingsgedrewe
- vermoë om werk onder druk te voltooi
- ŉ ambassadeur vir Akademia wees deur te help om die instelling uit te bou en ŉ liefde vir Afrikaans te hê

**Klik** **hier** **om vir die pos aansoek te doen.** Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. **Aansoeke moet voor of op** **5 September 2026** **ingedien word.** Stuur ŉ e-pos na vakanteposte@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie ŉ aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.



**Akademia MSW** (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.